

30 September

Lukas 11:9-13

"Vader gee my brood..."

Hierdie kort stukkie leer ons baie oor gebed. Ons kan dit met vier V's saamvat:

Vertroue: Die gelowige ken die adres van die gebed. Dit is Vader. Nie meneer of edelagbare nie, want Hy is in die eerste plek nie Regter of Baas van gelowiges nie. In Christus is Hy ons liefdevolle Pa. Ek hoef nooit bang te wees dat Hy my as sy kind sal verwerp nie. Ek kan opkyk na Hom en omdat hy Vader is, sal Hy gee.

Volharding: Bid is harde werk. Om myself gedurig te verklein voor die grootheid van God, telkens weer 'n kindjie te word is moeilik en uitputtend. Dit is so teen my grein in! Ek wil groot en belangrik wees. Ek wil nie kind wees nie. Ek wil grootmeneer wees! En tog, om te volhard in kind-wees, is so goed vir my. Dan beleef ek mos werklik God as Vader.

Vrede: Ek verwag goeie antwoorde. My Vader sal my nie 'n wrede of siniese streep trek nie. Hy sal aan my gee wat ek nodig het. Dit wat Hy gee is werklik brood. Sodoende kan ek in my gebed 'n soete kalmte hê.

Versorg: Hy versorg my. Dit is 'n feit wat niemand van my kan wegneem nie. Hy sorg in alles. Vir die bidder gee Hy prima-versorging. Die heel beste: sy Gees.

Sing: Psalm 99:2,4

Ds. D. van't Zand (Pietermaritzburg)